



in vennootskap met die



BYBELVASVRA

Postnet (Aandag: Dr. Hennie Schmidt)

Elridge Corner

Boksburg 1459

Sel: 0846036037

E-pos: rrbbybelvasvra@gmail.com

BYBELVASVRA: ALGEMENE INLIGTING

Terugvoer oor die 2018-Bybelvasvra

In 2018 het 132 spanne uit 51 skole aan die Bybelvasvrauitdunronndtes deelgeneem. Drie-en-tagtig spanne het die Afrikaanse vraestel voltooi en tien spanne die Engelse vraestel. Agt-en-dertig junior spanne het in Afrikaans deelgeneem, en een junior span in Engels. Die top tien senior spanne is na die finale rondte gedurende Oktober, te Olifants River Lodge in Middelburg genooi. Die span van Hennospark 3 uit Pretoria het in die finale rondte stof in die oë van Randhart uit Alberton en Hennospark 2 uit Pretoria geskop, en is welverdiend die Nasionale Kampioenspan vir 2018.

Waarom deelneem?

Uit 'n Bybelkennisprojek wat die Rapportryers voorheen geloods het, het dit aan die lig gekom dat die jeug se algemene kennis van die Bybel veel te wense oorlaat. Die doelstellings van die Bybelvasvra is juis die bevordering van die jeug se liefde vir die Bybel en Bybelstudie, die bevordering van hul kennis en hanteringsvermoë van die Bybel, asook die bevordering van hul kommunikasie- en samewerkingsvermoë.

Die terugvoer van deelnemers aan die Bybelvasvra spreek boekdele en maak dit maklik om nie aan die struktuur van die vasvra te verander nie. Die lewe gaan oor meer as net wen, en dit is juis waarom ek u wil aanmoedig, om soveel moontlik kinders die geleentheid te bied om deel te neem. Die gedagte is juis dat elke kind wat deelneem, die mense rondom hom/haar ook positief kan beïnvloed en die Woord só uitgedra word - veel verder as net die skool en die afrigter, maar ook gesinne.

Wie mag deelneem?

Alle leerlinge tot Graad 7 mag deelneem. Daar is geen beperking op die aantal spanne wat 'n skool/gemeente/instansie mag inskryf nie. Die span bestaan uit **vier** leerders (wat nie in dieselfde graad hoef te wees nie) en daar is ook geen geslagtelike voorskrifte nie.

..... /2.

Junior afdeling

In 2014 is 'n junior afdeling geloods om leerders in Graad 4 en Graad 5 die geleentheid te bied om ook deel te neem. Die vrae is uit ander Skrifgedeeltes en is minder. Die vrae is makliker, minder (drie afdelings) en baie direk. Die terugvoer was baie positief. Die Junior span van Rustenburg 5 was die wenners vir 2018.

Die junior afdeling se vrae gaan baie direk gestel word, en is bedoel vir die skole wat vir die eerste keer aan die projek deelneem. Die vraestel word nie opgestel om die kinders uit te vang nie, maar eerder om hulle basiese kennis van die Skrifgedeeltes te toets en die leerders net 'n voorsmakie te gee van die senior vraestel. Die moeilikheidsgraad van die senior afdeling het in die verlede 'n paar skole gedemotiveer om weer deel te neem. Hierdie nuwe junior afdeling behoort meer skole en instansies te motiveer om in te skryf.

Indien u egter 'n junior span wil voorberei vir die senior afdeling die volgende jaar, en u is bereid om die nodige inspanning en tyd daaraan te bestee om te kompeteer, word u aangeraai om vir die senior afdeling in te skryf, alhoewel u nog junior lede het.

Die vraestel is steeds in Engels beskikbaar

Die Rapportryers glo dat die geleentheid om meer van die Bybel te leer nie deur taalgrense beperk behoort te word nie. Daarom bied ons ook aan Engelse leerders die geleentheid om aan die vasvra deel te neem. Die vraestel is slegs in Afrikaans en Engels beskikbaar en leerders kan dit in die taal van hul keuse beantwoord. Die taalkeuse van die leerders moet egter duidelik op die inskrywingsvorm aangedui word.

Indien 'n Engelse span onder die top tien eindig, kwalifiseer hy ook vir die finale rondte.

Agtergrond

Die Bybelvasvra het 40 jaar gelede in Sasolburg begin en die belangstelling was so oorweldigend, dat dit reeds die daaropvolgende jaar, as 'n projek van die Rapportryers, op Nasionale vlak aangebied is.

Aard van die vasvra en Skrifgedeeltes

Skrifgedeeltes sal teen einde November van elke jaar beskikbaar gestel word. Meer inligting oor die aard van die vrae sal in 'n aparte dokument verskaf word. **Juniors se Skrifdele sal eers teen einde Januarie van die volgende jaar bekend gemaak word aangesien daardie afdeling die intreevlak is en bedoel is om die leerders vir die moeiliker senior afdeling voor te berei.**

Waar word die Bybelvasvra aangebied?

Uitdunrondtes word in streekverband in verskillende sentra in die verskillende provinsies aangebied. Dit word bepaal deur die aantal inskrywings.

Word daar erkenning gegee?

Elke deelnemer ontvang 'n sertifikaat van deelname. Die wenspan van elk van die nege provinsies (wat nie onder die top tien was nie) ontvang 'n addisionele sertifikaat, asook R1 000 per span. Na afloop van die twee uitdunrondtes word die Top 10 senior spanne na die finale rondte genooi, wat oor 'n naweek beslis word. Die spanne woon die naweek grootliks kosteloos by. Prysgeld is R5 000, R4 000 en R3 000 onderskeidelik vir die eerste, tweede en derde plekke. Die ander sewe spanne wat aan die finaal deelneem ontvang elkeen R 1 000. Die Top 10 spanne ontvang ook 'n spesiale sertifikaat. Die drie top spanne tydens die finale rondte ontvang ook spesiale sertifikate. Die vier leerders van die wenspan ontvang ook elkeen 'n klein trofee. Al die spanlede ontvang ook 'n Bybel. Die Top Junior span ontvang prysgeld van R1 000 en 'n spesiale sertifikaat.

Datums van uitdunrondtes en Finaal:

1ste Rondte : 16 tot 21 Mei 2019

2de Rondte : 15 tot 20 Aug 2019

Finale Rondte : 18 tot 20 Okt 2019

Inskrywingsgeld:

R 350.00 per senior span en R 220.00 per junior span.

Spanne moet egter, soos gebruiklik, op eie koste by die verskillende sentra aanmeld.

SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS : 22 April 2019

Skryf in. Hierdie Bybelvasvra is enig in sy soort. Dit is nie net 'n leerervaring nie, maar ook groot pret!

Met agting en vriendelike Rapportryergroete,

Dr. Hennie Schmidt
Organiseerder